2006 - 2026

MIDSTREAM COLLEGE

EXCELLENTIA

20

L LAERSKOOL M MIDSTREAM C COLLEGE P PRIMARY

# Nuusbrief 1 22 Januarie 2026

## BELANGRIKE DATUMS

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die belangrike datums.



## UIT DIE KANTOOR

2026 – ‘n Feesjaar!


Baie welkom terug aan almal ná ’n welverdiende rustyd. Ons bou reeds vinnig stoom op vir die nuwe jaar wat voorlê. Hierdie jaar is ons skool 20 jaar oud en ons is opgewonde oor al die pret wat in dié feesjaar op ons wag.

Mag God ons gemeenskap ryklik seën. Mag ons, soos Nehemia, ons stadsmure van hoop sterk en hoog bou...

“Op die volgende 20 jaar!”


## SPORTUITSLAE

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die sportuitslae.



## SKEDULE VIR BUITE-KURRIKULÊRE AKTIWITEITE

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die skedule van al die buite-kurrikulêre aktiwiteite.



# WELKOM

Ons is opgewonde om ons nuwe personeel te verwelkom en aan u voor te stel. Ons is oortuig dat hulle gou hul voete by ons sal vind, en ons wens elkeen van hulle 'n voorspoedige en gelukkige onderwysloopbaan by Laerskool Midstream College toe.

Ons verwelkom Adele Holdt in die Afrikaansdepartement, Annelize Higgs in die Engels- en Afrikaansdepartemente en die nuwe assistentonderwyser in die LO-departement, Hertzog Venter.

In die Grondslagfase verwelkom ons 'n nuwe graad 1-onderwyseres, Anna James, asook vir Shannon Casper, 'n assistentonderwyser.



# GRAAD 8-INSKRYWINGS 2027

Graad 8-inskrywings vir 2027 is vanaf 19 Januarie tot 28 April 2026 oop.

Indien u kind by Midstream College gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek asseblief die Midstream College webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm.

Vir enige toelatings navrae kontak me Anique van Zyl. (admissions@midstreamcollege.co.za)

# MATRIEKUITSLAE

Ons wens die Matrieks van 2025 baie geluk met hul ongelooflik uitsonderlike uitslae. Dit is voorwaar 'n voorbeeld van harde werk en toewyding. Ons wens hulle alle sukses toe in die verskillende rigtings waarin hulle die toekoms aanpak en weet dat hulle 'n sukses van hul lewe gaan maak. Welgedaan Matrieks en jul gesinne!










## JUNIOR REVUE




## SENIOR REVUE




## JUNIOR KOOR

Ons roep alle moontlike sangers in graad 1 – 3! Die junior koor begin 26 Januarie, 14:30 – 15:30 in die ouditorium.

**Hoe om vir die junior koor aan te teken:**
Teken aan by die Ed-admin Multi-Portal App.
Kies die "Parent Portal".
Klik op jou kind se foto.
Klik op "Activities".
Klik op "Sign Up Activities for Term 1, 2026".

# ORKES

Ons orkes groei mooi. Enige leerder wat 'n instrument kan bespeel is welkom, selfs al verskyn die instrument nie op ons lys nie.

**Hoe om vir die orkes aan te teken:**
Teken aan by die Ed-admin Multi-Portal App.
Kies die "Parent Portal".
Klik op jou kind se foto.
Klik op "Activities".
Klik op "Sign Up Activities for Term 1, 2026".

# SKOOLKALENDER

**Digitale Skoolkalender**
Maak seker u het al die nodige en belangrike skoolinligting byderhand deur ons elektroniese kalender by u persoonlike Google-kalender te voeg:

1. Besoek die skool se webblad: https://midstream-primary.co.za/en/calendar-and-terms/
2. Beweeg af tot by die Google Kalender-afdeling.
3. Klik op die skakel links onderaan die bladsy wat sê "Add to Google Calendar" om 'n elektroniese afskrif op u toestel te laai.
4. Volg die instruksies op die skerm om die proses te voltooi.



# SENIOR KOOR

Let asseblief daarop dat die oudisies vir die senior koor van 2 – 4 Februarie sal plaasvind in mev. Tumelo Ditsele se klaskamer.
Leerders wat reeds koorlede is, hoef nie weer 'n oudisie af te lê nie; hulle moet egter die eerste oefening bywoon en aanteken.
Let asseblief ook daarop dat ons op Woensdag 11 Februarie in die ouditorium begin oefen.
Kooroefening sal elke Woensdag van 14:00 – 15:30 plaasvind.

**Hoe om vir die senior koor aan te teken:**
Teken aan by die Ed-admin Multi-Portal App.
Kies die "Parent Portal".
Klik op jou kind se foto.
Klik op "Activities".
Klik op "Sign Up Activities for Term 1, 2026".

# MCP GRAAD 1-INSKRYWINGS (2027)

Dit is vir ons aangenaam om u in kennis te stel dat aansoeke vir graad 1 (2027) nou oop is. Ons moedig alle belangstellende ouers aan om hul aansoeke in te dien. Deur betyds aansoek te doen, help u om enige administratiewe prosedures en voorbereidings betyds af te handel, wat die proses vir u en u kind gemakliker maak. Om aansoek te doen, besoek asseblief MCP TOELATINGS vir gedetailleerde inligting en instruksies om die aanlyn aansoek te voltooi. Vir enige navrae of hulp met die aansoekproses, kontak asseblief die toelatingskantoor (Corrie Burger corrieb@midstreamcollege.co.za of 012 9409122).

# SLUITKASSIES 2026

Die aansoeke sluit Vrydag 30 Januarie, en sluitkassies sal teen Maandag 2 Februarie aan die leerders toegeken word. Verskaf asseblief ’n addisionele sleutel aan jou registeronderwyser vir daardie dae wat ‘n sleutel per ongeluk by die huis vergeet word.

Koste: R100 per sluitkassie per jaar

Reëls:
1. Daar moet jaarliks vir die sluitkassies aansoek gedoen word.
2. Die leerder moet sy/haar eie slot voorsien, verkieslik ’n sleutelslot.
3. Alle slotte moet teen 30 Oktober 2026 verwyder word en sluitkassies moet leeg, netjies en skoon gelaat word.
4. ’n Spesifieke sluitkassie sal aan die leerder toegewys word.
5. Sluitkassies mag nie onderling geruil word nie.
6. U rekening sal met die relevante bedrag gedebiteer word.
7. GEEN plakkers word aan die binnekant van die sluitkassies toegelaat nie, tensy dit met PRESTIK vasgesit word.
8. Geen versierings word aan die buitekant van die sluitkassies toegelaat nie.

Hoe om vir ’n sluitkassie aansoek te doen:
Teken aan by die Ed-admin Multi-Portal App.
Kies die “Parent Portal”.
Klik op jou kind se foto.
Klik op “Activities”.
Klik op “Sign Up Activities for Term 1, 2026”.

# WISKUNDE-HANDBOEKE

**Herinnering:**

Die Wiskunde-handboeke (Podium) is direk by die uitgewers deur die skool bestel. Hierdie reëling help om die middelman uit te skakel en koste laer te hou.

Neem asseblief kennis dat hierdie handboeke nie by Castle Walk Stationers bestel kan word nie. ’n Bedrag van R285 vir die graad 4- en 5-Wiskunde-handboek sal op u Januarie 2026-staat gedebiteer word.



# AFRIKAANS EKSTRAKLASSE

Hiermee die Afrikaans ekstraklas-inligting.

Leerders kan deur die loop van die jaar by die ekstraklasse aansluit soos wat hul buitemuurs dit toelaat.

Afrikaans Ekstraklas-datums:

Kwartaal 1: 26 Januarie – 20 Maart
Kwartaal 2: 21 April – 19 Junie
Kwartaal 3: 27 Julie – 18 September
Kwartaal 4: 19 Oktober – 30 Oktober

Tye: 13:50 – 14:30
Dae van die week en betrokke onderwyser:

| Dinsdae | Woensdae |
|---|---|
| Graad 4 – 5 Huistaal<br>Me. Carien Kruger | Grade 4<br>Eerste Addisionele Taal<br>Me. Annelize Higgs |
| Graad 6 – 7 Huistaal<br>Me. Vicky Piekaar | |
| Graad 5 Eerste Addisionele Taal<br>Me. Diana Struwig | |
| Graad 6 – 7 Eerste Addisionele Taal<br>Me. Adele Holdt | |

# FOTO'S

Foto's wat leerders nie aan die einde van 2025 ontvang het nie, moet asb. by me. Isabel Bosman (blok 3 kamer 83) afgehaal word.

# STOEI

# SAGTEBAL


Druk asseblief op die onderstaande skakel vir meer inligting rakende sagtebal vir dogters vanaf graad 1 – 7.

# VOORTREKKERS

## GRADE 4




## GRADE 5




# TEGNOLOGIE-HANDBOEKE

Die Tegnologie-handboeke vir 2026 word self deur die skool verskaf, en u skoolrekening sal aan die einde van Februarie 2026 gefaktureer word.

Pryse van die handboeke beloop R130 vir graad 4 – 6 en die graad 7-handboek beloop R240.

Sien onderaan die bestellys en inligting vir die praktiese projekte vir graad 4 en 5 vir hierdie jaar. Die items kan direk by Castle Walk Stationers (Adres: Suite 003, Shopping on Ridgeway, Midstream Estate, Olifantsfontein) bestel word of u kan dit elders koop. Bestellings kan tot 'n week neem. Die skool sal ongelukkig nie deel van die bestelproses wees nie. Indien u by Castle Walk Stationers wil bestel, moet u die bestelling, betaling en oplaai daarvan self by die boekwinkel doen.

# JANUARIE - VERJAARSDAE



# TUCK IN

DIE BESTE



KOSIKKE

EST. 2014

TUCK IN

www.tuckin.co.za

# BESTEL AANLYN VANDAG!

www.tuckinshop.co.za